NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 26
3 Augustus 2023

# Wat behels die bediening in ons gemeentes?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die jaarlikse ringsvergaderings is nou agter die rug. Wat het die ringsvergaderings verklap oor die bediening in ons gemeentes?**

Die ringsvergadering is volgens ons Kerkorde die liggaam wat verantwoordelik is om die kerklike dienswerk in gemeentes en in die ring te bevorder. Daarvoor moet die ringsvergadering opsig hou oor en leiding gee aan die gemeentes, vergaderings en ampsdraers in die ring.

Elke ring kan hul ringsvergadering na goeddunke inrig, solank dit verseker dat hierdie doelwit bereik word. Daar is dus nie 'n rigiede agenda wat elke ringsvergadering in die Kerk moet volg nie, en ook nie meer sulke strak verslagvorms soos die ou ABC-verslae nie. Ja, elke gemeente moet steeds sekere statistieke, name en finansiële syfers aan die ringsvergadering verskaf sodat die vergadering gemeentes se bediening aan objektiewe maatstawwe kan meet. Maar die kern van elke ringsvergadering moet 'n bespreking van die gemeentes se bedieningsplan wees: Waarmee is ons besig, hoe gaan dit, en watter uitdagings staar ons in die gesig?

Een van die werklikhede waarmee al meer gemeentes te make het, is dat hul getalle krimp. So berig een ring byvoorbeeld dat 'n paar gemeentes te klein geword het om te beroep en maar van emeriti uit ons eie Kerk en ander kerke gebruik maak om eredienste te lei en lidmate waar nodig pastoraal te begelei. 'n Mens wonder wat méér in sulke gemeentes gedoen word, en wat gedoen kán word om die teenwoordigheid van 'n gemeente van Jesus Christus in die gemeenskap aanvoelbaar te maak. Dít is die soort gesprekke wat op 'n ringsvergadering gevoer behoort te word, met besluite wat op daadwerklike optrede uitloop.

In ander ringe blyk dit dat daar groei in die omgewing is, maar dat die groei nie altyd in groei by die gemeentes in die ring reflekteer nie. Dan behoort die gesprek op die ringsvergadering te draai om maniere waarop die gemeentes hul dienswerk en aktiwiteite meer sigbaar kan maak, of met nuwe inisiatiewe op nuwe plekke in die ringsgebied kan begin. Pionierswerk, nie roetinewerk nie. Selfs al begin ons voel-voel...

Een belangrike werklikheid waarvan gemeentes moet kennis neem wanneer hulle hul bediening beplan, is dat daar 'n tekort aan predikante is wat net al groter gaan word. Daar is tans maar ongeveer 180 diensdoende predikante in die Hervormde Kerk, van wie amper die helfte net deeltyds dien. Daar is 121 emeriti in die Kerk, met nog 40 diensdoende predikante wat binne die volgende drie jaar gaan emeriteer, en slegs 'n handvol teologiestudente wat afstudeer. Besef ons matrikulante dat hier 'n geleentheid en 'n roeping is?

'n Gemeente wat vakant raak, moet egter weet dat hulle nie sommerso weer 'n predikant gaan kry nie en dat hulle nuut moet dink oor hul bediening. 'n Vakante gemeente moet wyer kyk – saam met die ringskommissie en buurgemeentes – en na maniere soek om steeds dinamies met die volle spektrum van kerkwerk vol te hou: viering van die evangelie in eredienste, verkondiging van die Woord in die gemeente en gemeenskap, daadwerklike opbou van 'n hegte gemeenskap van gelowiges, en betekenisvolle diens binne die gemeenskap waar God hulle geplaas en geroep het.


Laat elke lidmaat en elke gemeente dus vra: Wat behels ons bediening, en wat kan ék doen?

**Dr Wouter van Wyk**
**Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**

# Lief en leed



Oudl Hennie Willemse



Ds Theuns Snyman

- **Oudl Hennie Willemse** van Gemeente Potchefstroom-Suid is Saterdag 29 Julie oorlede aan 'n hartaanval terwyl hy gehelp het met opruimingswerk na 'n veldbrand. Hy was ook 'n gewaardeerde ouderlinglid van die Tugkomitee. Die roudiens het Woensdag 2 Augustus om 11:00 in Gemeente Potchefstroom-Suid plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan oudl Willemse se naasbestaandes.

- **Ds Theuns Snyman** (emeritus, 82) is in die hospitaal opgeneem met inwendige bloeding. Hy is tans in die intensiewesorgeenheid en kan moontlik later die week na die hoësorgafdeling van Mooimed-hospitaal in Potchefstroom oorgeplaas word. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nooi almal hartlik uit na 'n **Dankfees ter viering van die 90ste herdenking van die Afrikaanse Bybelvertaling** op **Sondag 27 Augustus om 15:00 by die Voortrekkermonument in Pretoria**. Bevestig asseblief teen 11 Augustus per e-pos na **rhoda@biblesociety.co.za** of u die geleentheid gaan bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

| | |
|---|---|
| ○ Vrydag 4 Augustus: | Di JJ (Jan) Claassen (56) (Naboomspruit) en<br>PS (Stephan) van Tonder (70) (emeritus) |
| ○ Saterdag 5 Augustus: | Ds PW (Duwies) Duvenage (63) (Barberton) |
| ○ Sondag 6 Augustus: | Ds RG (Renier) Lee (73) (emeritus) |
| ○ Maandag 7 Augustus: | Di HJ (Kobus) Celliers (57) (Brits),<br>EJ (Rassie) Smit (75) (emeritus) en<br>JAP (Johans) van Tonder (61) (siekte-emeritaat) |
| ○ Dinsdag 8 Augustus: | Ds JB (Jan) Schutte (72) (emeritus) |
| ○ Donderdag 10 Augustus: | Di J (Johan) Ayres (64) (Germiston) en<br>D (Denise) Schmidt (51) (Jeffreysbaai/Port Elizabeth) |

# Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 7 Augustus** bereik **vir 18 Augustus** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Joleen Marx

- **Ds J (Joleen) Marx** (beroepafwagtend) is deur die NG Gemeente Pietersburg-Noord as Tentmaker beroep. Die beroep is uitgebring in terme van die bilaterale ooreenkoms tussen die NHKA en die NGK. Sy het op 1 Augustus in die pos diens aanvaar. Ons bid ds Marx en haar nuwe gemeente baie jare se geseënde samewerking toe.

- **Gemeente Philadelphia** het 'n vakature vir 'n **terreinbestuurder**. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeentes Otjiwarongo/Outjo-kombinasie.** Die kombinasie Otjiwarongo/Outjo in Namibië beskik oor 'n vakante werkruimte vir 'n deeltydse predikant. Unieke wetlike voorskrifte oor werkpermitte deur die Namibiese regering beperk die opsies wat die gemeentes kan uitoefen vir die bediening. In die lig daarvan is die ideale kandidaat vir die deeltydse pos 'n geëmeriteerde predikant in die ouderdomsgroep 65 tot 68 jaar wat nog die energie en inisiatief het vir gemeentewerk vir 'n periode van twee tot vyf jaar. Die kombinasie sal aansoek doen vir 'n tydelike werkpermit vir twee jaar, wat herhaal sal word indien die persoon vir langer kan of wil bly. Die vergoedingspakket sluit in: 'n gemeubileerde pastorie in Otjiwarongo; 'n gemeentemotor plus brandstof; en 'n kontantvergoeding per maand. Skakel ds Barrie Oberholzer by +264811487465 vir verdere inligting en administratiewe reëlings soos vir 'n mediese fonds.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Kempten.** Gemeente Kempten in die ring van Zuurfontein beskik oor ’n vakante werkruimte vir ’n voltydse predikant. Gemeente Kempten is 50 jaar oud en die gemiddelde ouderdom van lidmate is 45 jaar. Die visie van die gemeente is om te groei. Daar sal voorkeur verleen word aan predikante met **ses jaar of minder diens**. Die gemeente beskik oor ’n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om na die gemeente beroep te word, kan ’n verkorte CV stuur aan die skriba, oudl Celma Channing, by **celma.channing@gmail.com**, **voor 18 Augustus 2023**. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag selfs ander kandidate nader. ’n Aanstellingsdatum sal met die suksesvolle kandidaat bespreek word.

- **Werkruimte: Samewerkende Gemeentes Boksburg en Witfield.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul. Die samewerkende gemeentes is Boksburg en Witfield aan die Oos-Rand, twee stadsgemeentes in die ring van Germiston. Boksburg het ’n sieletal van ongeveer 205, en Witfield ’n sieletal van ongeveer 78 wat meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeentes se kerkgeboue is sowat 10 km uitmekaar en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou.

  **Aard en omvang:** Van die predikant sal verwag word om die normale aktiwiteite van die gemeentes, soos prediking, kategese, spesiale eredienste en fondsinsamelings, te organiseer en te fasiliteer. Kontak met die lidmate, siekebesoek en huisbesoek is baie belangrik, en pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word. Albei kerkrade verwag van die predikant om goed gefundeerde preke wat motiverend en leersaam is, aan te bied. Die predikant sal in albei gemeentes bevestig word.

  **Vergoeding:** Die predikant sal aangestel word volgens kontrak vir ’n aanvanklike periode van 12 maande en sal vergoed word deur ’n enkele kontantbedrag wat R32 000 per maand sal beloop.

  **Aansoeke:** Aansoeke **sluit op 28 Augustus 2023** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan **beide** administratiewe beamptes van die gemeentes: Anneli Louw (**nhkwitfield@gmail.com**) en Bernadene du Preez (**nhkaboksburg@gmail.com**).

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar. Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word. Vir enige navrae, kontak Anneli Louw (084 627 7253) of Bernadene du Preez (079 883 8741).




## Vergaderings

- Donderdag 3 Augustus: *Almanak*-werkwinkel
- Vrydag 4 Augustus: Oudit- en Risikokomitee

## ’n Gedig

**Ter in die**

As ek jou topografies
moet voorstel
(stip soos dié woord vereis)

dan ’n Mediterreense stad.
’n Warm, wolklose dag
word sonder sein

winderig, stormagtig.
En onvoorspelbaar
stil. Bewegingloos.

Drie maal per dag
dink ek nou aan jou.
Soos dié drie

weerstoestande: geluk,
misverstande; maar
veral – onhoudbaar –

die blywende stilte.

**Joan Hambidge**
(Uit: *Die buigsaamheid van verdriet:*
*’n honderd of wat gedigte van Joan Hambidge*, 2004)

* *Ter in die* is Latyn vir “drie maal per dag”

## Kerklike en ander publikasies

- Die **2022-uitgawe (Jaargang 10) van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie*** (*THT*) handel oor **Hervormde Kerkreg**. Die outeur is **dr Barry van Wyk** (emeritus/Warmbad). Die volledige pdf is op die Kerk se webblad beskikbaar, en die gedrukte boek kan teen R120 per eksemplaar (versending uitgesluit) bestel word van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**. Daar is ook nog eksemplare beskikbaar van die **2021-uitgawe (Jaargang 9)** oor **Skrifbeskouing**, waarvan **prof Wim Dreyer** die eindredakteur was, teen dieselfde prys.


NHKA | Die Hervormer
Krisisse ontsluit vir die kerk nuwe moontlikhede en nuwe hoop

- In die **Augustus 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **ds Najla Kassab**, president van die WGGK (World Communion of Reformed Churches), oor hoe eenders die ekonomiese onregte in die verskillende lande van die wêreld is. Die situasie in Suid-Afrika tans stem veral ooreen met dié in haar tuisland, Libanon. Sy kom van ’n land wat reeds jare lank in dieselfde stryd gewikkel is. Net enkele maande gelede het Libanon maar net vir twee ure per dag elektrisiteit gehad. **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor die besondere seggingskrag van Afrikaans, en die voorreg om so lank reeds die Bybel in ons eie taal te kan lees. **Mev Mari-lizé Beukes**, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, gee ons ’n kykie na die 49ste Nasionale NHSV Kongres, en **ds Lisa-Mari Prinsloo** van Centurion-Oos vertel meer oor mentorskap in die NHKA. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




## Toerusting

- Lees ***hier*** **dr Piet Boshoff se artikel** *Kerk en politiek*. Hy skryf: *Wanneer die politieke lewe in 'n land nie na wense verloop nie, gryp mense na die voorstelling van die kerklike figuur wat soos 'n profeet van ouds die koning konfronteer oor die onregverdigheid van sy beleid en optrede en hom dan uiteindelik tot ander insigte bring. Maar 'n profetiese amp wat iets anders as die openbaring van Christus as inhoud het, het die kerk nie ontvang nie.*

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – D*ie kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**.

- **SAKOV 2023: Streekbyeenkoms**
  **Johannesburg, Wes-Rand en Oos-Rand**
  **Saterdag 12 Augustus 2023**
  Registrasie, koffie en beskuit: 07:45-08:30
  Uitnodiging aan SAKOV-lede, orreliste, leraars, musiekleiers en ander
  Gereformeerde Kerk Noordrand
  Landhuisstraat 1129, Allensnek
  R150 nie-lede, vir SAKOV-lede ingesluit by ledegeld
  - Bevorder belangstelling in kerklied
  - Inligting oor nuwe publikasies
  - Inspireer en motiveer mekaar
  - Hernu vriendskapsbande

  Bespreking: Sperdatum Vrydag 4 Augustus
  Kontak: Daniela **danprett@gmail.com** / 082 325 6366

- **Kerkargief-konferensie: Woensdag 23 Augustus 2023**
  **NGK Vrystaat in Bloemfontein**
  Oor enkele van ons kerkfamilie se mees historiese dokumente
  Ouditorium van Oorlogsmuseum in Bloemfontein
  R250 per persoon
  Met proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw en Lindi Koorts
  Drr Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith en ds Jan Lubbe
  Registreer by Helena Smit 051 406 6725 / **argief@ngkvs.co.za**
  Navrae: Ds Jan Lubbe 082 784 9362 / **janlubbe1964@gmail.com**







- **Excelsus Lentekonferensie: Lente in Bediening en Teologie**
  **19-21 September 2023**
  *As it is in heaven*: Kerkwees hier en nou
  By Universiteitsoord en UP
  30 VBO-punte
  Fooi: R1 240 vóór 11 Augustus, daarna R1 380
  Emeriti en studente R690
  **excelsus@up.ac.za**
  **www.excelsus.org.za**
  (Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedienings-ontwikkeling – VBO – en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
  **Saterdag 5 Augustus vanaf 08:00 tot laat**
  By die Tuinhekkie net buite Randfontein
  Bernice West, AJ de Vos, Anton Botha, Van West, Tanya V
  en talle ander kunstenaars tree heeldag op die twee groot verhoë op
  Baie pret en speletjies vir die kinders
  Meer as 250 uitstallers sowel as ’n jeuglandbouskou, plaasdiere, lugballonritte, pom-poms, ’n toutrekuitdaging, ’n veteraanmotorskou, demonstrasies
  en vele meer
  Kom geniet die lekker saamkuier, heerlike eetgoed en baie aksie
  Skakel 082 464 1547 of besoek *Sionspoort* op Facebook

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): Bergfietswedren**
  **Saterdag 5 Augustus vanaf 07:00**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km,156 km

Plek: Brits-vliegveld
Aanlyn inskrywings kan gedoen word
Tydhouers van buite af en kontantpryse
**Navrae:**
Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
Eliska by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
Michiel Ras 072 605 1393
Mias van der Merwe 083 320 2466
**Webwerf vir meer inligting en inskrywings:**
**https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/**
Ook onder  "Bike Hub"
Of soek op webwerf vir "Bosveldmtb"

- **Gemeente Oos-Moot: Magaliesfees**
  **Woensdag 9 Augustus van 08:30 tot 14:00**
  *Vanuit die duister na die Lig*
  Collinslaan 1265, Môregloed
  MC en kunstenaar Gary Forwood
  Plaasstal, witolifant, koektafel, teetuin
  Babakompetisie en springkasteel
  Kerrie-en-rys, *jaffles*, pannekoek, poeding, roomys
  Verskeie aktiwiteite, soos Venter-wielomruil, kettieskiet, ens
  Navrae: Andries Pretorius 081 466 8691

- **Gemeente Swartkop: Gholfdag**
  **Vrydag 18 Augustus vanaf 10:00**
  Centurion-buiteklub
  Bespreek by **https://paylogic.co.za/paylogic/pay.aspx?refno=Golf**
  Navrae: Lorna-Marie (083 399 5122) of Stephan (082 341 1438)

- Ondersteun **Rata Maatskaplike Dienste se Gholfdag** op **Dinsdag 22 Augustus 2023** ten bate van **kinderbeskerming**.

  - Pryse vir ons dapper spelers – erkenning word aan alle donateurs op ons webblad gegee.
  - Skryf 'n span in.
  - Borg 'n putjie.
  - Borg 'n sorgpakkie vir kinders of vir babas wat verwyder word uit haglike omstandighede en tydelik in veilige bewaring geplaas word.

  Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit moeilike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Rata help elke jaar meer as 1000 kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

  Stuur 'n WhatsApp na 064 437 5997 met die woord **Gholfdag** en u naam vir meer inligting.

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **NHSV vrywillige uitbetalings Augustus 2023.** Uitbetalings in Augustus word gewy aan bejaardesorg by Ons Tuis en landwyd, studielenings vir Hervormde studente, barmhartigheidsdiens in ons gemeenskappe, en ons tydskrif *Die Christelike Vrou*. Die riglyn vir hierdie uitbetalings is dat 'n NHSV tak moet probeer om een derde van haar inkomste **aan die NHSV Hoofbestuur oor te betaal** sodat dit ons in staat kan stel om bejaardes, studente en behoeftiges landwyd te help waar daar tans groot nood is. Die ander twee derdes van 'n NHSV tak se inkomste kan volgens eie diskresie aan u gemeente en gemeenskappe se barmhartigheidswerk bestee word. Onthou asseblief dat **oorbetalings aan plaaslike instansies soos tehuise van bejaardes direk aan die instansies** oorbetaal moet word vanuit u tak of gemeente – u stuur dus 'n aparte betaling direk aan hulle. Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings kan gedoen word – die NHSV se betaalstaat is beskikbaar by **www.nhsv.org.za**. E-pos asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetaling na **finansies@nhsv.org.za**. Baie dankie vir elke NHSV tak se oop hand en hart!

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 vir meer inligting.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die

behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Allegaartjies

“Nou verstaan ek hoekom ek myself so kan uitleef in ons dorp se skryfkring. Daar lag niemand vir jou as jy krities is oor ’n skrywer wat die apostroof voor die n ’n regaf strepie maak pleks van ’n krul-9 nie. Of as iemand sy koppelteken en sy aandagstreep ewe lank maak nie. En dis so lekker om op ons WhatsApp-groep te sien sien hoe puntenerig ons lede met hul spelling en woordkeuses is. Sonder dat hulle weet, wys hulle daarmee respek vir hul medeskrywers en vir hul taal.” (Tienie Holtzhausen, in *Beeld-Deurloop*, 25 Julie 2023)

“Ek wil vra dat ons Afrikaanse joernaliste en rubriekskrywers korter sinne gebruik... dikwels word ’n sin ’n hele paragraaf. Op skool is ons geleer: Gebruik kort sinne.” (Jenneke Fehrsen, Queenswoord; SMS in *Beeld*, 31 Julie 2023)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Gebed vir die week

Liefdevolle Vader,
ons bid vir die mense wat sukkel om te onthou,
die mense vir wie eens bekende gesigte
nou vreemdelinge geword het,
en wie se kosbare herinneringe nou
uit hul geheue begin verdwyn.

Heer,
gee dié wat vir hierdie kwesbare mense sorg deernis,
en waardigheid vir dié wat so ly.
Mag hulle steeds u liefde ervaar
en voel hoe dit hulle van alle kante omstraal.
Mag elke oomblik, hoewel gou vergete,
vir hulle ’n oomblik vol vreugde wees.
Amen.

John Birch
faithandworship.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk